

17 Mei

Openbaring 16:1-21, (Teks: 16:15)

Christus kom onverwags. Is jy gereed?

"Kyk, Ek kom onverwags soos 'n dief. Geseënd is dié een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie" (2 Openb. 16:15). In hoofstuk 16 word vertel van die sewe plae met die wederkoms van Christus. Dit behels swere, bloed in water, verbranding, duisternis, droogte en laastens uitwissing.

Na die sesde plaag bied die Here nog geleentheid vir bekering voor die finale oordeel. Soveel mense verhard hulle en verwyt die Here. 'n Mens sien nie die plae as tugmiddel om jou nader te trek nie of as 'n manier om jou voor te berei nie.

Jesus gee hierdie opdrag nadat niemand weet wanneer Hy gaan terugkom nie. Net sy Vader weet.

"Geseënd is die een wat wakker bly..." 'n Slapende soldaat word aangekla van hoogverraad omdat hy almal se lewe in gevaar stel. Veral op bystand moet hy sy uniform en wapen byderhand hou. As hy eers daarna moet soek kan hy teenspoed kry.

As gelowige het ek ook 'n uniform. Christus betaal met sy kruisdood my sonde en gee my "die kleed van geregtigheid." Dit hou ek byderhand deur Hom uit dankbaarheid te volg, te stry teen die sonde deur daaglikse bekering en waardig aan daardie uniform te lewe.

My wapen is die Skrif waarmee ek gedurig vaardig moet wees.

Ek ken nie die uur van Christus se wederkoms nie, daarom hou ek my uniform aan en ek hou die swaard van die Gees in my hand en hart.

Sing: Skrifberyming 31:1,4Ds. L. J. Badenhorst (Rustenburg-Noordoos)